VERGADERING VAN DIE U.K. VAN DIE S.A.S.K. GEHOU OP
23 OKTOBER 1956 OM 10.30 v.m.

TEENWOORDIG:

Di. P.S.Z. Coetzee, L.L. Nel en die Sendingsekretaris.

Die Sendingsekretaris open die vergadering met gebed.

I. i/s: BEVESTIGING EN DIENSAANVAARDING DS. NEL:

Met die oog op die aanbou van die huis van Ds. v.d. Merwe, en die omstandighede op Heilbron, word besluit dat Ds. Nel aan die einde van Februarie na Bloemfontein sal oorkom en dit word opgedra aan Mnr. S.J. Naudé en Ds. v.d. Merwe om die Sendingsekretaris se pastorie in orde te bring.

II. LANG VERLOF DR. STERN: Dit word besluit dat sy reiskoste na Europa betaal sal word met behoud van salaris.

III. SUSTER SÖHLKE: 'n Mediesesertifikaat word ingehandig waarin aanbeveel word dat Suster Söhlke 3 maande siekverlof toegestaan sal word om na Duitsland te gaan vir verdere behandeling. Sy gaan op eie koste, maar die Kommissie besluit om £25 aan haar toe te ken.

IV. STRYDOM OPLEIDINGSKOOL RESERVE BOUFONDS: Hierdie fonds is tot beskikking van die S.A.S.K. en die Sekretaris beveel aan dat 'n deel hiervan toegeken sal word aan die N.G. Sendingkerk in die O.V.S. en 'n deel aan die N.G. Sendingkerk in Noord Rhodesië, onder sekere voorwaardes.

Dit word in beginsel aanvaar en dit word opgedra aan die Sekretaris om die verdeling te maak en die voorwaardes te stel.

V. BRIEF MNR. N.F. BOTHA, KATETE: i/s toelae vir sy motor: Dit word verwys na die S.A.S.K..

VI. BRIEF MNR. HUGO v.d. SPUY: Die Sekretaris lees sy brief en die antwoord daarop. Dit word goedgekeur.

VII. TEKORT IN FONDSE MADZIMOYO: Die Sekretaris gee inligting en die Kommissie sal oor hierdie saak besluit na samespreking van Ds. Uys en die Sendingsekretaris.

VIII. BRIEF MNR. J.M. BADENHORST: Dit word verwys na Mnr. S.J. Naudé en die Sendingsekretaris vir afhandeling.

IX. O.R.K. NOTULE:

Punt 12: Werktuigkundige: Met die oog op die teenwoordige kwota moeilikhede en finansiële toestand, kan hy nie nou uitgestuur word nie.

Punt 30: Reiskoste Mej. van Niekerk: Dit word besluit dat haar reiskoste na die Sendingveld verlede jaar, terugbetaal word.

Punt 35: Meidjiestehuis, Kamoto: Die Kommissie vind dit onmoontlik om enige bykomende geldelike verpligtinge vir hierdie jaar op hom te neem. Dit kan nie toegestaan word nie.

Punt 52: Sinkdak Hofmeyr Skoolgebou: Dit kan nie toegestaan word nie.

2/ .....

X. (a) AFBRAMD KERKGEBOU MERWE: Hierdie saak is verwys na die Assuransie-Maatskappy.

(b) AFBRAND WIEG NSADZU: Geld wat gestem is vir reparasie Derika word gebruik vir herstel van die Wieg.

XI. Sekretaris lees 'n telegram dat Mnr. Sarel Strydom gekies is as ouderling. Die Kommissie gee toestemming, maar Mnr. Strydom word vriendelik versoek om nie as afgevaardigde na Hoër Kerklikevergaderings te gaan nie.

XII. IMMIGRASIE REGULASIES: Die Sekretaris gee informasie en deel mee dat hy Ds. A.F. Louw gevra het om representasies te maak by die betrokke Minister om Sendingwerkers en werksters nie as gewone immigrante te beskou nie. Word goedgekeur.

XIII. Die gemeente Bergendal versoek die Sendingsekretaris om die dienste vir Desember van die nuwe gemeente waar te neem. Dit word toegestaan.

XIV. Aan die Sekretaris word 'n paar weke verlof toegestaan vanaf begin November.

Ds. P.S.Z. Coetzee sluit die vergadering met gebed.